# GEMARGINALISEERDE GEESTELIKES PROBEER Ñ NUWE MAGSBASIS KRY VIR HULLE UITGEDIENDE WIT EN SWART BURGERLIKE VERSOENING.

ŉ Aantal geestelikes wat prominent was in die geestelikheid van burgerlike versoening van 1994 wil weer die Afrikaanse witmense gebruik om vir hulle ŉ nuwe magsbasis te skep in die Suid Afrikaanse gemeenskap. Die NG Kerk, Hervormde Kerk en die AGS het ingestem om hulle lidmate as hierdie "Afrikaanse witmense" vir hierdie nuwe magsdrif uit hulle kerke te verskaf.

Geestelikes soos dr. Kobus Gerber, dr. Gustav Claasen, ds. Dirkie van der Spuy en dr. Isak Burger het ŉ memorandum die lig laat sien waarin hulle weer ŉ nuwe geestelike droom wil droom. Hulle wil dat die Afrikaanse witmense wat oorlogsveterane was moet weer ŉ keer met die "swart" 16 Junie generasie versoen. Hierdie keer moet hulle versoen deur ŉ massademonstrasie op Orlando stadium op 11 Junie 2016 en ŉ massa-erediens in Soweto in die Regina Mundi kerk as simbool van die bevrydingstryd op die 16 de Junie.

Hierdie kerk stel homself op die internet as volg bekend: "" Regina Mundi first wrote its name in South Africa's history books during apartheid, when it opened its doors to anti-apartheid groups and provided shelter to activists.During the June 16, 1976 student uprisings, protesting students fled to Regina Mundi from Orlando Stadium to escape the police's bullets and teargas canisters. The police followed the students into the church, firing live ammunition and damaging the marble altar and crucifix. Because of the refuge it offered Regina Mundi is often referred to as 'the people's church' or 'the people's cathedral'.

Die NG Kerk, die Hervormde Kerk en die AGS het in hulle uitvoerende kerklike vergaderinge hierdie droom as hulle eie magsbeeld aanvaar en daardeur al hulle lidmate tot hierdie beeldestryd verbind.

Hierdie is weer die ou geestelike rassistiese versoeningsbeeld van die negentigerjare: swart en wit se burgerlike versoening gaan in die land nuwe voorspoed gee. Hulle stel hierdie rassistiese versoeningsbeeld openlik en byna kru in hulle memorandum.

"1.4 Sonder (Afrikaanse) witmense is die dag sinloos. 1.4.1 Dit spreek vanself dat ŉ aksie soos die tot niks kom indien daar nie ŉ substansiële verteenwoordiging van witmense is nie!" Afrikaanse witmense moet met die swartmense van 16 Junie gaan versoen deur ŉ massabyeenkoms op Orlando stadium in Soweto op 11 Junie en die massadiens in Regina Mundi kerkgebou!

Die inhoud van die memorandum is ʼn openbare erkenning dat hulle geestelike versoening van die negentiger jare tot en met nou misluk het.

Hulle stel dit met hulle tipiese geestelike diplomasie as volg: “In 1994 het leiers hierdie nasie gehelp om die brug oor te steek van ’n land van wanhoop en ondergang na ’n land met ’n reënboog en ’n toekoms. Die pynlike werklikheid is dat ons as die mense van die land so bly was om aan die ander kant uit te kom dat ons baie min gedoen het om die reënboog en toekoms in ’n werklikheid vir alle mense te omskep. Ons moet gesamentlik die verantwoordelikheid aanvaar, sonder om die vingerwys-speletjie te speel, vir waar ons nou is.”

Die “leiers” waarna hulle verwys sluit hulle self in. Hulle het hul self toe, soos nou ook nog, gesien as die geestelike leiers van die “nuwe nasie”.

**Wat bely hulle as hul sonde?**
Hulle bely nalatigheid as sonde. Hulle het baie min gedoen om die droom wat hulle gehad het in ʼn werklikheid te omskep. Hulle bely dit egter só dat hulle weer die gemeenskap, en dan in besonder die Afrikaanse “wit” gemeenskap, nie die Afrikaanse taalgemeenskap nie, kollektief skuldig maak vir hul geestelike leierskap se nalatigheid. Die “ons” waarna hulle verwys, wat baie min gedoen het, is nie net hulle as die geestelike leiers nie. Hulle maak met hierdie “ons” elke lid van die gemeenskap kollektief deel van hulle skuld.

**Wat is die gevolge van hulle sonde wat hulle hier bely?**
Hulle stel dit weer in hulle geestelike diplomatieke taal só: “Ons sien dit elke dag: mense wat met ’n diepgewortelde pyn en wantroue loop oor ervarings van die verlede, mense uit alle segmente van die samelewing wat kwaad is en onverantwoordelik met hulle woede omgaan, mense wat werkloos en arm en honger en gebroke is, mense wat dink geweld is die manier om ’n stem te laat hoor… en voeg hierby ons epidemiese samelewingsiektes soos rassisme, gewelddadige misdaad, plaasmoorde, korrupsie, verkragting en mishandeling van vroue en kinders, xenofobie”

Hulle aanvaar dat omdat hulle baie min gedoen het om die nuwe nasie ʼn sukses te maak, al die sosiale ellende in die land die gevolge van hulle nalatigheid was. Hulle bely die gevolge van hulle nalatigheid asof hulle begripvolle pastors is vir hierdie lyding wat hulle veroorsaak het. Hulle erken nie hul sonde as die leiers wat sonder begrip en argeloos hierdie ellende help skep nie.

**Wat doen hulle met die sonde wat hulle bely?**
Hulle verskoon onmiddellik hierdie sonde van twintig jaar se nalatigheid as nalatigheid uit blydskap. Hulle was vir twintig jaar lank so bly vir die einde van apartheid en die nuwe nasiestaat waarin hulle geglo het hulle die geestelike leiers

was, dat hulle uit die twintigjare lange blydskap baie min gedoen het om hulle geestelike droom van ʼn nuwe nasie ʼn werklikheid te maak.

Hulle blydskap dat apartheid verby is, het hulle nalatig gemaak ten opsigte van die verantwoordelikheid, uitdagings, pligte, dienste en wet en orde van die nuwe nasie.

**Waarvoor pleit hulle?**
Hulle pleit dat hulle nie vir die ellende wat hulle nalatigheid in die land geskep is, verantwoordelik gehou sal word nie. Hulle wil nie soos enige leier wat nalatig was, hul leierskap neerlê vir beter leiers nie. Hulle wil verskoon word en weer aanvaar word as die leiers wat nou na twintig jaar wil begin om die droom van ʼn nuwe nasie ʼn werklikheid te maak.

**Wat is hulle nuwe toewyding aan God wat nou die land se sosiale probleme gaan verander?**
Hulle nuwe toewyding aan God en die nasie is burgerlike versoening tussen “wit” en swart”! Hierdie nuwe toewyding is presies dieselfde antwoord as die een wat hulle voor en tydens 1994 gehad het: burgerlike versoening tussen wit en swart, in hulle eie visie se bewoording.

Met hierdie toewyding aan die ou oplossing waarmee hulle twintig jaar besig was, skryf hulle die land se huidige ellende toe aan die rassisme tussen wit en swart mense in die land. Wanneer, volgens hulle, hierdie rassisme tussen wit en swart met versoening vervang word, sal die land se sosiale ellende begin verander. Dit is hul manier om nou die droom van die nuwe nasie ʼn werklikheid te maak.

**Hoe moet hierdie versoening tussen “wit” en “swart” bewerk word?**
Met ʼn vertoning van ʼn massabyeenkoms van oud, wit Afrikaanse soldate van die SAW en die “swartes” van die 16 Junie generasie in Soweto, tydens die oploop na die Jeugdagvieringe in ʼn die kerkgebou in Soweto waar die bevrydingstryd teen apartheid geestelik gelei was.

**Hoe motiveer hulle die massabyeenkomste voor en met Jeugdag in Soweto?**
Hulle motiveer dit deur dat hulle aan hierdie historiese dae, plek en simbole die nuwe geestelike betekenis van “versoening” wil gee, anders as die gebeurlikhede en historiese betekenis van daarvan.

**Hoe regverdig hulle hierdie optrede?**
Hulle regverdig hierdie massavertoning van versoeningsgeestelikheid as deel van die geestelike berading van die post traumatiese stres van soldate tydens die grensoorlog.

**Wat is die veronderstelling waarmee hulle hierdie aksie uitvoer?**

Die veronderstelling is dat geen mens teen hierdie versoening kan wees nie. Veral nie die Christene nie. Almal wat hierteen sou wees, sou rassiste en onversoeningsgesinde mense wees. Alle Christelike kerk moet uit geloofsoortuiging aan hierdie nuwe visie en aksie deel neem.

Hoe kan ŉ mens teen hierdie nuwe versoening wees? Veral as ŉ mens sien hoeveel ellende daar in die land is en hoe die land brand? Enige Christen moet mos sommer dadelik uit sy geloofsverbintenis sommer met oorgawe vir hierdie versoening wees! Enige persoon wat teen hierdie aksie is sal onder verdenking staan as ŉ rassis wat nie wil hê "wit" en "swart" moet versoen nie.

**Hierdie is die ou versoening wat hulle nog altyd mee besig is.**
Hierdie tipe versoening wat hulle nou tussen wit en swart wil bewerk as oplossing vir die land se ellende, is nie ŉ nuwe tipe versoening nie, en alles behalwe ŉ nuwe inisiatief vir hierdie tipe versoening.

Hierdie tipe versoening was die geestelikheid wat hierdie geestelikes teen die apartheidsregering bedryf het as protes- en versetbeweging saam met al die swartbewussynsbewegings. Dit was volgens hierdie geestelikes toe die antwoord vir die land se apartheidsprobleme: versoening tussen wit en swart!

Anders as hulle sondebelydenis oor hul nalatigheid om ŉ nuwe gemeenskapsorde en welvaart te help skep, het hulle ook nooit opgehou met hierdie tipe versoeningsaksies na die oorgang van die land van die Nasionale Party se bewing na die bewind van die ANC toe nie.

Vir die afgelope meer as twintig jaar was hierdie versoeningsgeestelikheid die hele tyd voorgehou en bedryf as die antwoord wat die land weer sal regmaak. Dit was die drif en dryfkrag agter die poging om die Belharbelydenis deel van die NG Kerk se geloofsbelydenis te maak.

Daarom moet ons vra wat se tipe versoening is hierdie waarmee hulle wil aanhou maar nou wil voorhou asof dit nou skielik die manier is waarop hulle hul plig om hul droom van ŉ nuwe nasie ŉ werklikheid te maak, gaan begin nakom?

Dit is burgerlike versoening tussen rasse, maar met die voorwendsel dat dit die versoening is tussen Christene volgens die heilswerk van Jesus Christus as Here. Dit waarmee hulle vir meer as veertig jaar ononderbroke besig is.

Hulle het geen nuwe manier waarop hulle nou hul nalatigheid wil los en met nuwe ywer hul plig om hul droom ŉ werklikheid te maak nie.

**Wat is burgerlike versoening?**

Dit is wanneer die inwoners van die land mekaar as medeburgers van die land aanvaar. Volgens die rassebeeld van hierdie geestelikes dan veral wanneer “swart” en “wit” landsburgers mekaar as medelandsburgers aanvaar.

In hulle hele versoeningsdrif gaan dit oor die land en die welvaart van die land, nie oor die kerk van die Here Jesus Christus en hoe lede van sy kerk mekaar as medegelowiges aanvaar nie.

**Wat is verkeerd met hierdie tipe versoening as die basis vir ’n burgerlike gemeenskap?**

Volgens die Woord van God is die wyse waarop God gemeenskappe as burgerlike gemeenskappe en owerhede aan mekaar verbind en regeer, nie Christelike versoening nie, maar die wet van God en die eis van naaste liefde vir alle mense.

Dit is wat verkeerd is met hierdie tipe versoening!

Dit neem die wet van God en die eis van naaste liefde vir alle mense weg as die grondslag van ’n geordende en welvarende gemeenskap en vervang hierdie grondslag met die ’n nuwe grondslag: die wyse waarop wit en swart mense mekaar as landsburgers aanvaar.

Wat word uit die gemeenskap weggeneem as die eis van naaste liefde vir alle mense volgens God se wet weg geneem word? Die volgende wetlike verbintenisse tussen mense word genegeer en ter syde gestel: die beloning van diens en die straf van oortredings; die bevoegdheid vir die beklee van ampte; aanspreeklikheid volgens die wet; die verhouding tussen gesag en uitvoerende magte; die verhouding tussen arbeid en besitreg; die verhouding tussen man en vrou en die huwelik.

Wat word in die plek van die wet en die eis van naaste liefde volgens die wet vir alle mense gestel?

Die geestelike mag van hulle wat versoen teenoor hulle wat nie versoen nie. Hulle wat versoen word geregverdig en deel in die mag. Hulle wat volgens die beeld van versoening nie versoen nie, word uitgesluit van die mag. Dit wet as binding word ook vervang deur die geestelike moraliteit dat hulle wat nie met die mag versoen nie, moet aanspreeklik gehou word vir alle ellendes wat deur die magsuitoefening geskep word en dit word met die meganisme van boetedoening of regstellende aksie afgedwing.

Dit is hoe geestelike burgerlike versoening werk! Dit is die skep van ’n mag wat bo die wet wat vir almal geld verhef is en afgedwing word deur jou in te sluit of uit te sluit in hierdie mag. Versoendes is ingesluit! Onversoendes in uitgesluit.

Dit is die alternatiewe grondslag vir die gemeenskap in die plek van naasteliefde vir alle mense volgens die wet!

**Hoekom moet "wittes" en "swartes" weer 'n keer met mekaar versoen nadat hierdie tipe versoening al sedert 1970 sonder ophou deur hierdie geestelikes bedryf was?**

Het hierdie versoening nooit die afgelope 46 jaar plaasgevind ten spyte van al die kerklike vergaderinge, gemeentelike versoeningspogings, prediking, verklarings en lidmate se deelname aan en getuienisse ten gunste van hierdie burgerlike versoeningsbedryf nie?

In feitlik elke kerkvergadering in die NG Kerk is daar deurlopend getuienisse gewees oor die sukses van hierdie versoeningbedryf tussen "wit" en "swart" met die spesiale benaming: "stories van hoop".

Hoekom is hierdie tipe versoening nou skielik die antwoord op die nalatigheid van hierdie geestelikes?

Is dit werklik so dat die korrupsie in die staatsdiens, die al groter wordende misdaad, die mislukking van die ekonomie, die ineenstorting van wet en orde, plaasmoorde, die staking van dienslewering deur amptenare, die minagting van die grondwet deur die owerheid, die gewelduitbarstings tussen gemeenskappe, die plundering van die land se bates, die verwaarlosing van behoeftiges, die versaking van onderwys aan die arm gemeenskap en xenofobie veroorsaak word deur die onversoeningsgesindheid tussen "wittes" en swartes"?

Dit is gewoon net nie waar nie.

Versoening tussen "wittes" en swartes" sal absoluut niks aan hierdie ellendes in die land verander nie, want dit het net niks meer daarmee te doen nie. Dit is juis hierdie tipe versoening waardeur die geestelikes medeaandadig is vir die ellende van die gemeenskap.

Dit was juis die verdringing van die wet van God as basis vir naaste liefde vir alle mense deur die magsgroepering van versoendes teenoor onversoendes wat hierdie geestelikes argeloos gemaak het oor alles waarop die wet gaan.

Vir twintig jaar lank was hulle nalatig oor die beloning van diens en die straf van oortredings; die bevoegdheid vir die beklee van ampte; aanspreeklikheid volgens die wet; die verhouding tussen gesag en uitvoerende magte; die verhouding tussen arbeid en besitreg; die verhouding tussen man en vrou en die huwelik. Hierdie sake is nooit ernstig aangespreek nie en wie dit deur die kerk wou laat aanspreek is onder verdenking gebring oor sy gesindheid oor "versoening".

Hulle het nie aan hierdie sake aandag gegee nie, omdat, in hulle eie skuldbelydenis, hulle so bly was oor die einde van apartheid.

Die enigste regte rede hoekom “wit” en swart” nou weer op hierdie ou manier moet versoen is dit wat hulle aanvoer as God se nuwe geleenheid” en “deur.”

**Nou wat is die nuwe “deur” en “geleentheid” wat hierdie geestelikes glo dat God vir hulle gegee het?**
Die antwoord is baie minder geestelik as wat hulle met die misbruik van God se Naam probeer voorhou.

Ons kan dit met die stigting van Cope vergelyk. Met die aanloop tot en stigting van Cope het hierdie geestelikheid hul aksie as God se nuwe besigheid met die land verklaar onder die gevleuelde woorde van ’n dr. Allen Boesak. Wat was hierdie nuwe besigheid van God, Cope, en wat het van hierdie besigheid van God geword?

Dit was mense wat uit die magsposisies wat hulle onder die vorige staatshoof gehad het, gemarginaliseerde is deur ’n nuwe staatshoof en ’n nuwe magsbasis gesoek het. Die geestelikes het hierdie poging om verlore mag te herwin as God se saak verklaar en weer die versoeningsbeeld hiervoor voorgehou.

Dit is die nuwe deur en geleentheid wat hierdie geestelikes nou soek! Vir hulle het die ondenkbare gebeur. Hulle het hul self gesien as die geestelike leiers van die nuwe nasiestaat. En toe laat die regering die nasiestaat disintegreer deur dit in ’n disfunksionele staat te laat verval wat dreig om ’n mislukte staat te word. Die owerheid het in die proses hulle poging om versoening die magsbasis vir die gemeenskap te maak verdring met hulle eie magsbasis en hulle gemarginaliseer en uitgesluit uit die magsbedryf van die land.

Mense soos dr. Kobus Gerber het dit sy visie gemaak om altyd orals te verkondig hoe belangrik die NG Kerk en sy leiers vir die land en regering is. Hierdie regering het hulle egter gewoon net uit die magsentrum verdring. Hiervan is eerwaarde Chikane ’n sprekende voorbeeld.

Hierdie núwe, nuwe versoeningsaksie is niks anders as die opbou van ’n nuwe burgerlike magsbasis vir die geestelikes teen die ANC wat hulle magsbasis “versoening” verwerp het en hulle gemarginaliseer het nie. Dit, terwyl hulle hulself as die geestelike leiers van die land sien. Net soos dr. Allen Boesak homself ook gesien het.

**Wat wil hulle met hierdie nuwe sogenaamde versoeningsaksie bereik?**
Dit stel hulle verskuild in woorde maar baie duidelik in die bedoeling van die optrede van 11 en 16 Junie in Soweto. Hulle wil teenoor die ANC as regering wat hierdie simbole en dag sal gebruik vir die munisipale verkiesings, alternatiewe byeenkomste

hou om ’n nuwe burgerlike gemeenskap byeen te bring deur die nuwe geestelike betekenis wat hulle aan hierdie dag en monumente gaan gee.

Hulle wil ’n geestelike stryd begin teen die ANC en heersende magte, wat hulle versoeningsmag verwerp het, oor die geestelike betekenis van die bevrydings-beweging se historiese dae en monumente!

Hulle wil ’n beelde-stryd begin om verlore mag te herwin!

Daarom sien hulle die kaping van die Hector Pieterse monument, die Regina Mundi kerkgehou en die betekenis van Jeugdag as die hoogtepunt van ’n aksie van 40 dae se gebed en meditasie maar wat dan voortgaan tot 16 Desember met versoeningsdag. Dit doen hulle met die verklaarde doelwit om ook die betekenis van die slag van Bloedrivier vir hierdie geestelike mag te kaap.

Die sogenaamde versoening tussen “wit” en “swart” gaan ’n geestelike magsvertoon wees teenoor die ANC en ander partye soos die EFF om teenoor hierdie partye ’n nuwe burgerlike protes en versetbeweging te mobiliseer, met die dag en simbole waarmee die ANC en partye soos die EFF juis hulle eie mag vertoon.

Hulle wil ’n beeldestryd aanvoer teen die mag wat hulle voorheen geregverdig en verskoon het.

Wat hulle hiermee wil bereik is om weer die voortgaande geestelike protes en verset teen die huidige regering te mobiliseer soos wat hulle dit in en deur die UDM onder die aanvoering van onder andere dr. Allen Boesak gedoen het.

Hierdie begin van die beeldestryd in Soweto moet voortgaan in dit wat hulle ook ken en gedryf het in die tagtiger jare: “rolling mass action”

**Hoekom wil hulle dit doen?**
Omdat hulle deur die regering en die vorige en huidige magsgroeperinge verstoot en gemarginaliseer is, wil hulle ’n nuwe burgerlike gemeenskap byeenbring sodat hulle weer die geestelike leiers vir die nasie kan wees.

Dit is hoekom hulle hul self so trots aanmeld as deel van die leiers wat die oorgang van apartheid na die huidige bedeling in die land bewerk het.

**Watter beloftes maak hulle?**
Hulle belowe dat onder hulle geestelike leiding hulle ’n nuwe burgerlike gemeenskap gaan skep en lei wat die land se ellendes gaan oplos. Hierdie beloftes gaan hulle uitvoer deur “wit” en swart” te versoen!

Hulle beloof niks nuuts nie.

Hulle beloof nie om hierdie verdeling van die gemeenskap tussen “versoendes” en “onversoendes” te vervang met ŉ nuwe orde waar dit gaan oor die naasteliefde vir alle mense volgens die wet van God nie.

Hulle wil voortgaan met hulle wettelose geestelikheid waarmee hulle ŉ rolspeler was in die wetteloosheid van die land. Al wat hulle nou wil doen is om die ANC wat hulle as die versoenaars geregverdig het, te beveg as die “onversoendes”.

Daarvoor het hulle nou al die mense wat hulle voorheen uitgesluit het van hulle geestelikheid skielik weer nodig, veral weer die “Wit Afrikaners.”

**Die verskil tussen geestelike waanbeelde en werklikheid.**
Hulle doel is om die politieke simboliese dae en monumente van die ANC en die gemeenskappe wat hulle verteenwoordig te kaap en te vergeestelik vir ŉ nuwe protes en versetbeweging teen die regering.

Die waanbeeld is dat hulle hierdie kapingspoging as ŉ versoeningsaksie benoem en regverdig.

Hulle doel is om ŉ geestelike beeldestryd teen die ANC en ander bevrydingsbewegings te begin. Die waanbeeld in hul beeldestryd is dat hulle hierdie beeldestryd sal ŉ vredes- en versoeningsbeweging wees.

Die politieke werklikheid is dat hulle hierdeur alle kerke teenoor die alle groeperinge wat hulle sien as die verteenwoordigers van die vorige bevrydingstryd as vyande in ŉ beeldestryd opstel. ŉ Vyandskap wat nie met gebede geveg sal word maar met enige vorm van geweld.

Die politieke werklikheid is dat hulle daardeur van die diepste geweld in die land in en tydens die hoogtepunt van die gevaarlikste verkiesingstryd ooit die ANC in die Naam van hulle kerke as vyand gaan uitdaag in die hart van hulle magsbasis.

Hulle doel is om in hierdie beeldestryd die kerklike jeug voor te stoot met gebedsoptogte en hul self teenoor die ANC en ander bevrydingsbewegings te laat vertoon as die ware Hector Peterson. Hulle soek nuwe jeugmartelare in ŉ nuwe kinderkruistog.

Die geestelike waan waarin hulle die jeug hiervoor wil misbruik is dat die jeug hulle nuwe burgerlike gemeenskap wil wees waarin hulle die geestelike leiers sal wees deur ŉ nuwe geslag.

Die politieke werklikheid is dat hulle hierdeur die jeug op dieselfde wyse as die bevrydingsbewegings in hulle vyandskap teen hulle vorige bondgenote voor stoot teen ŉ geweld wat geen voorspelbare uitkoms het nie.

Die waanbeeld is dat hulle glo hulle gaan net kerkhou in Soweto en as kerkgangers behandel moet word in hulle politieke uitdagende beeldestryd teen die heersende mag in die land.

Die politieke werklikheid van die land is dat daar in elke politieke party, die ANC ingesluit, baie mense is wat ernstig soek na oplossings en uitkomste uit die ellende waarin die land is.

Die geestelike waan is dat hierdie geestelikes glo dat hulle die alternatief op al hierdie huidige pogings is met ŉ nuwe "geestelike burgery" wat gesuiwer is van die ellendes van die land.

Die politieke werklikheid is dat daar desperate pogings is om die aanspreeklikheid vir die huidige ellendes van die land te ontduik deur haat teen "wittes" aan te hits en dit juis sal vind in hierdie openlike uitdaging van "wittes" wat dae en monumente se simboliese betekenis te kaap.

Die geestelike waan is dat hierdie magsuitdaging die begin van liefdevolheid en medemenslikheid tussen almal in die land gaan wees omdat dit voorgehou word as versoeningsbyeenkomste.

Die politieke werklikheid is dat die oorsake van die huidige ellende juis gaan oor ŉ houding waarin mense hulle bokant wet en orde, diens en vergoeding, en gelyke regte vir alle mense verhef het, met die verskoning dat hulle besig is met die regstelling van apartheid. ŉ Houding wat hul self geskep het.

Die geestelike waan is dat die oorsake van hierdie sosiale misstande is nog steeds die rassisme tussen "wit en "swart" en daarmee verskoon en regverdig juis die oorsake en aanspreeklikheid wat geëis moet word en gemeenregtelik hanteer moet word.

**Hoekom volhard hulle in hierdie waan teen alle werklikheid en redelikheid in?**
Dit gaan oor wat hulle in 1994 gedink het hulle reggekry het, maar nou sou verloor het. In 1994 het hulle gevoel dat hulle met die burgerlike versoening tussen "wit" en "swart" die nuwe geestelike leiers van die nuwe nasie geword het. Hulle glo hulle verdien nog steeds daardie magsposisie. Hulle voel hulle is wederegtelik van hierdie mag beroof.

Die werklikheid is dat hulle net deel van die protes en versetoptredes teen die vorige regering was en as sulks gebruik is en toe gemarginaliseer is. Die mag van hulle protes en verset was nooit kerklik nie. Dit was ŉ manier om in die verset in te koop en vir hulle self te kaap.

Dit het toe nie gewerk nie.

Hulle dink hulle kan in die huidige landsituasie met dieselfde “wit” en “swart burgerlike versoening, weer ’n nuwe verset beweging skep en lei om weer die nasie se geestelike leiers te word.

Hulle volharding gaan oor die misgissing wat van die begin af gebeur het. Hulle was misbruik en gemarginaliseer. Hierdie erkenning sal hulle nooit kan maak nie.

**Wat is die regte geloofstaak van die Christelike Kerk in die land?**
Die grondslag van ’n geordende en welvarende gemeenskap is die wet van God met die eis van naaste liefde vir alle mense, nie “versoening” tussen wit en swart mense nie.

Die grootste uitdaging gaan juis oor wetteloosheid en magte wat hulle bokant die gemene reg verhef en dit het niks met “wit” en “swart” te doen nie. Die diepste anargie en geweld is op die oomblik tussen verskillende gemeenskappe wat nie as “wit” en “swart” teenoor mekaar opgestel kan word nie.

Hierdie verbintenis uit die geloof maak elke gelowige deel van elke onderneming om orde en gelykheid voor die wet te handhaaf, ongeag mense se kultuur, geloof of ras. Daar kan nie iets soos ’n spesifieke “geestelik Christelike” oplossing vir die land wees nie.

Protes en verset teen wetteloosheid gaan oor die handhaaf van wet en orde, nie oor geestelike magsvertoon nie. Dit is ’n kulturele plig wat deur politieke en burgerlike instellings onderneem en bewerk word, nie met die vertoon van geestelikheid nie.

Om lidmate toe te rus om in ’n land van wetteloosheid en goddeloosheid hul self steeds te verbind tot wet en orde, diens en vergoeding, gesag en ampte, moet hulle leef uit die versoening wat net binne die kerk, en nie tussen gelowiges en alle landsburgers kan wees nie.

**Die valsheid van hierdie versoeningsgeestelikheid is nou openbaar.**
Die werklike geleentheid waarvoor die Christelike Kerke nou staan is om die valsheid van hierdie burgerlike versoening te kan raaksien. Solank as wat hulle namens die nuwe regering van die nuwe nasie gepraat het, was hul valsheid nie so duidelik nie. Nou dat hulle ’n versetbeweging teen die owerheid is wat hulle met versoening geregverdig het, is hul valsheid duidelik.

Wie kan nog glo dat dit jou geloofstaak teenoor die Here as gelowige is om jouself deur jou kerk as ’n “Wit Afrikaner” te laat uitstal soos die kerk se skouperd! Niemand nie!

Wie kan nog oortuig wees dat predikante die mag het om te besluit dat hulle hul lidmate beskikbaar stel om as “Wit Afrikaners” uitgestal te kan word? Niemand nie!
Wie kan nog oortuig word dat die huidige ellende van die land veroorsaak was, is en word, deurdat “wit” en “swart” nie versoen is nie. Niemand nie!

Wie kan nog glo dat versoeningsgebare tussen “wit” en “swart” gaan al die genoemde landsprobleme begin oplos? Niemand nie!

Wie kan glo dat die verklaring van ŉ beeldstryd deur die Christelike kerke teen die vorige bevrydingsbewegings vrede en voorspoed in die land gaan bring, nie net meer chaos en geweld nie. Niemand nie!

Wie kan op enige manier glo dat die post traumatiese stres van oorlog met eenmalige massabyeenkomste tussen “wit” en “swart behandel moet word? Niemand nie!

Wie kan glo dat die Christelike kerke die bevrydingsbeweging se historiese dae en simbole kan kaap as ŉ poging om versoening tussen “wit” en “swart” in die land te bewerk? Niemand nie!

Wie kan gelowiges oortuig dat hulle nadat die kerk hulle vir 30 jaar lank vir apartheid aanspreeklik gehou het, hulle daarom geestelik geregverdig uit die openbare gemeenskap gemarginaliseer is, dat hulle nou weer soos met apartheid die kollektiewe aanspreeklikheid moet aanvaar vir die ellende wat deur die regerende party en elkeen wat hulle geregverdig het? Niemand nie!

Wie kan glo dat die kerke wat die regering die hele tyd verskoon het met “regstellende aksie” nou skielik die nuwe geloofwaardige protes en versetbeweging teen die regering gaan wees? Veral nadat hulle vir meer as twintig jaar lank alle protes en verset as rassisme teen die regering probeer voorhou het? Niemand nie!

Hierdie waansin en oneerlikheid is nou sommer vir enige mens openlik duidelik.

**Die geloofwaardigheid van burgerlike versoening as Christelike versoening!**
Die enigste geloofwaardigheid waarop hierdie geestelike nog aanspraak is – versoening as Bybelse opdrag!

Dit is geloof waarop hulle aanspraak maak dat Christelike versoening die grondslag van die gemeenskap moet wees met die belofte dat daar dan van vrede en voorspoed in die land sal kom.

Om hierdie valsheid te ontdek is nie so maklik soos dit wat voorhande sommer net as geestelike waansinnig deur enige mens herken kan word nie.

Hierdie is ŉ geloofsonderskeiding uit die Woord van God. God regeer gemeenskappe deur sy wet. God regeer sy kerk deur die evangelie. Daarom verbind Hy alle mense in elke gemeenskap tot naasteliefde volgens sy wet, maar sy kerk alleen is verbind tot versoening in Christus.

Daarom kan die Christelike versoening nooit ŉ burgerlike aangeleentheid wees nie. Ongelowiges kan nie met mekaar Christelik versoen nie. Mense wat as landsburgers mekaar aanvaar in welwillendheid en trou tot voordeel van elkeen is ŉ saak van wetsonderhouding, nie Christelike versoening nie.

Daarom kan geestelikes nie burgerlike versoening met eredienste en die verkondiging van sondebelydenis en bekering bedryf nie. Dit is afgodsdiens.

Hierdie is ŉ geloofsontdekking oor die verskil tussen hoe die Here gemeenskappe deur sy wet regeer en die kerk deur sy evangelie.

Dit is nou tyd dat die kerk hierdie geloofsontdekking moet maak om uit die waansin van hierdie geestelikes se geestelike magsbedryf te kan kom.

Dit kan met die volgende vraag gedoen word: hoe kan hulle die geweld om historiese dae en simbole te kaap as versoening voorhou? Hoe kan hulle verset teen die regering as versoening voorhou? Hoe kan hulle die begin van ŉ geestelike beeldestryd as die begin van ŉ vredesproses vir die gemeenskap voorhou terwyl dit in elke ander deel van die wêreld tot heilige oorloë teen burgerlike instellings gelei het?

Dan kan u na die Skrif gaan en vra wat is die verskil tussen die wet en die evangelie! ŉ Verskil wat geen van hierdie geesdrywers vir ken of preek nie.

**ŉ Bekering sonder geloofwaardigheid.**
Hierdie geestelikes probeer voorhou dat hulle nou tot bekering gekom het: hulle het hul sonde van nalatigheid uit blydskap dat apartheid verby is, ingesien en wil nou met nuwe ywer die Here dien in die land.

Hoe geloofwaardig is hulle bekering?

Hierdie selfde geestelikes maak die aanhoudend beskuldiging van rassisme tussen wit en swart teen hulle eie lidmate waarmee hulle al oor die veertig jaar besig hulle sogenaamde “nuwe onderneming” vir God, maar hulle dring daarop aan dat om hulle aanspreeklik te hou vir die sonde van nalatigheid met die land te toekoms vir 20 jaar nie ŉ skuldspeletjie moet word nie. Hulle dring daarop aan dat niemand na hulle moet vingerwys nie.

Hulle was die geestelikes wat die kerk voor ʼn openbare belydenis oor die sonde van apartheid gestel het, na hierdie belydenis van skuld alle dosente en predikante wat hieraan skuldig was uit poste verdring of geweer het en op regstellende aksie aangedring het, en vandag nog daarop bly aandring.

Maar na hulle mag nie vingers gewys word nie. Om hulle aanspreeklik te hou noem hulle minagtend ʼn skuldspeletjie. Waarmee was hulle teen rassisme besig? ʼn Skuldspeletjie? Of werk dit so dat hulle kan beskuldig en dan is dit ernstig maar as dit met hulle gedoen word, is dit net ʼn skuldspeletjie?

Hoe ernstig is hulle oor hulle bekering as hulle so ligsinnig met hulle eie skuld maar so ernstig met ander se skuld omgaan?

Hoe ernstig is hulle bekering as hulle hul nalatigheid met goeie redes verskoon? Dat hulle uit blydskap oor die einde van apartheid nalatig was oor die Here se gawe van ʼn nuwe toekoms?

Hulle is die geestelikes wat met niks anders as die belydenis van rassisme te vrede is wanneer mense teenoor mekaar verkeerd optree nie. Geen ander verskoning word aanvaar nie en vir rassisme is daar geen verskoning nie. Die erkenning van boosheid is wat hulle eis van ander.

Maar hulle sonde is uit blydskap gedoen, nie argeloosheid met mense en hulle toekoms nie, nie minagting vir reg en geregtigheid nie, nie uit magsug vir nuwe magsposisies nie, sommer net uit blydskap.

Hoe ernstig is hulle met hulle bekering as hulle nie die kwaad in hulle self kan herken maar altyd in ander raaksien?

Hoe ernstig is hulle met hulle belydenis wanneer hulle nie hulle werklik magsversaking as geestelike leiers in hulle nalatigheid persoonlik wil aanvaar nie, maar weer almal se kollektiewe skuld wil maak?

Dit is nie so dat terwyl hulle die voordele geniet het om namens die regering en nasie te praat almal in hulle bevoorregting gedeel het nie. Die gewone lidmate moes ten duurste vir hulle nalatigheid betaal met grondeise, plaasmoorde, die skade van dienste wat nie gelewer word nie, misdaad en openbare verstoting uit poste.

Om die mense wat deur jou nalatigheid as leier, soos hulle graag bekend wil staan, gely het, en vir lank nog gaan ly, kollektief aanspreeklik vir jou skuld te maak is geen bekering nie. Bekering gaan oor berou, nie om jou sondes te veralgemeen nie.

Teenoor wie het hierdie mense wat nou weer die Here so ywerig wil dien ooit openbare berou uitgespreek, met die volle aanspreeklikheid dat dit jou

gemeenregtelik vir skuldeise aanspreeklik kan maak, net soos hulle dit oor apartheid steeds eis?

Die opsigtelikste rede dat hulle glad nie eerlik oor sonde wil bekeer as bely hulle die sonde van nalatigheid in hulle leierskap, is dat hulle nie die werklike sonde bely nie, maar juis met die werklike sonde wat hulle doen, wil voortgaan.

Die werklike sonde wat hulle so nalatig gemaak het oor wet en orde, reg en geregtigheid, diens en vergoeding en gesag en ampte in die nuwe land, was hulle verwronge versoening. Hulle het die Christelike versoening binne die kerk ’n gemeenskapsaak gemaak en die naaste liefde volgens God se wet binne die gemeenskap so uit die gemeenskaporde verdring.

Hierdie sonde wil hulle nie bely nie. Hulle wil hierdie sonde die krag maak van hulle passie om teenoor die regering en gemeenskappe wat hulle verstoot het vir hulle self ’n nuwe burgerlike verset beweging te skep waarin hulle weer die geestelike leiers kan wees.

Met hierdie sonde is hulle bereid om die land in vlamme te laat opgaan uit die woede teen geestelikes wat bevrydingsbewegings se historiese dae en simbole as hulle eie beelde wil kaap.

Die enigste drif wat iemand aan hierdie tipe valse versoening kan laat glo is die wil tot mag. Hulle wil nie bekeer nie. Hulle wil in hulle magslus volhard. Hulle verskuwing van geestelikes wat die regering se wandade geregverdig het tot geestelikes wat ’n geestelike stryd wil voor teen hulle vorige bondgenoot, wil hulle voorhou as ’n Christelike bekering.

Daarom is hierdie geestelikes baie soos mense wat besig is om alkoholiste te word. Hulle sal jou alles vertel wat verkeerd is en hoe hulle alles gaan regmaak. Hulle is soos alkoholiste meesters in hierdie woordkuns. Maar terwyl hulle met hierdie woordkuns besig is raak hulle net al hoe dronker van mag.

Dit het tyd geword dat die NG Kerk hierdie tipe versoening as sonde bely! Nie weer as nuwe magspoging in ’n waansinnige verset te bedryf nie.

Hierdie poging om met geestelike geweld die regering se simbole te kaap is net soos die Xhosa profetes in die negentiende eeu. Met geestelikheid het sy die Xhosa gemeenskap aangespoor tot die tipe geweld wat die einde van die Xhosas se nasionale onafhanklikheid gelei het. Dit is hoe die Joodse geestelikes ook Jerusalem in die jaar 70 n. C laat vernietig het en die einde van die Joodse staat beteken het.

“Wit Afrikaners” wat in die naam van versoening deur geestelikes in Soweto die simbole van die vryheidsbeweging moet gaan kaap in ’n verkiesingstryd waar baie

withaat die enigste krag nog kan maak vir hulle passie tot mag! “Wit Afrikaners” wat nou die beeldestryd van geestelikes moet gaan regverdig terwyl hulle die mense is wat moes boet vir hierdie geestelikes se versoeningsbedryf!

ds. PJ Kriel 10.05.2016